147. M. 1. 10

'n Radio- of 'n verhoogverwerking van "Die Caledonner"? Ek weet self nie. Marie v. Heerden van die Libertas Teater in Stellenbosch hét dit vir die verhoog verwerk en opge= voer, en die S.A.U.K. het dit eweneens uitgesaai.

Haucamp
Feb 1994

## PERSONE

Verteller

Die Caledonner

Malie

Koot Labuschagne

Sarie Labuschagne

Piet Labuschagne

Faan Coetzee

Eerste meisie

Tweede meisie

Suzy

Jimmy

# DIE CALEDONNER

VERTELLER:

Kort na sy aankoms op die dorpie word die Caledonner na 'n plaasparty genooi. Hy is die nuwe kassier in die dorp se enigste bank; ongetroud, maar nie bepaald jonk nie; 'n goeie tennisspeler en 'n lekker klong in die kroeg. Hy speel snoeker en brug en skiet graag patryse; hy gesels gemaklik, met die oppervlakkige wêreldwysheid van mense wat baie gereis en min beleef het. Kortom: hy is 'n sosiale aanwins vir die dorp.

(MALIE EN DIE CALEDONNER KOM AAN BY DIE PARTYTJIE)

CALEDONNER: Soos 'n mens in dié wêreld agter jou plesier moet aanry ---

MALIE: Ek dink dit gaan 'n lekker paartie wees.

CALEDONNER: In die Kaap of Johannesburg is alles net dáár, aand na aand. Jy raak bederf. Everything laid on.

MALIE: Was jy lank in die Kaap?

CALEDONNER: (ongemaklik) 'n Jaar of wat. Maar ek ken dit van my kindstyd af. Caledon is téén die Kaap.

MALIE: Maar raak jy nie moeg van hotelkamertjies nie?

CALEDONNER: Nie juis nie. Ek en 'n vriend het 'n woonstel in Kaapstad gehad, maar dit kom te duur uit. En bowendien, ek is nie wat hulle noem die "domestic type" nie. (HY LAG GEDWONGE)

MALIE (koer moederlik): O, julle mans tog. Weet jy, ek wou jou al vra --

CALEDONNER: Shoot, girlie.

MALIE: Ag, sommer niks. Vergeet daarvan.

CALEDONNER: Dít haat ek nou, hoor, lat iemand 'n ding begin en net so los --

MALIE: Maar rêrig, dis niks. Jy gaan vir my kwaad wees.

CALEDONNER: Lyk ek vir jou na die boelie-soort?

MALIE (koket) Jy boelie my nóú.

CALEDONNER: O.K., jy wen. (STILTE) Sê nou maar, tóé?

MALIE: Belowe eers jy sal nie kwaad wees nie.

CALEDONNER: True as bob!

MALIE: Ek -- ek het gewonder hoekom jy nog nie verder in die bank is nie.

CALEDONNER: (Steek sigaret aan) (POUSE) (Blaas rook luidrugtig uit) Te veel gejol, ou girlie, as jy wil weet. Maar hulle sê mos 'n mens is net eenmaal jonk.

MALIE: (sug) Ja. Ja dis waar.

CALEDONNER: (geniepsig) Jy klink of jou dae verby is.

MALIE: Wel, kuikens is ons ook nie meer nie --

CALEDONNER / .....

CALEDONNER: (vererg) Ek háát die gepraat of die lewe hier rondom 30, 40 ophou! Dis wat my so vies maak van die klein plekkies ---

(KOOT LABUSCHAGNE EN SY VROU, SARIE, KOM IN)

SARIE: My liewe vadertjie, en hier staan julle twee dan stok-alleen. Waar's al die ander mense dan?

KOOT: Naandsê, mense, naandsê. Hoe kom julle dan nou eers hier aan? Die ou klomp is al warm!

MALIE: Naand, Koot, naand Sarie; julle ken mos vir mnr. Tredoux?

KOOT: Natuurlik, man. Hoe staan dinge?

CALEDONNER: (sjarmant) Naand mense. Nee, ons kappityt!

SARIE: En voel mnr. Tredoux al tuis hier by ons op die dorp?

CALEDONNER: Marius, Mevrou. Sê sommer net Marius, wat! So tuis soos 'n vis in die water!

KOOT: Maar so praat 'n man! My naam is Koot en my vrou is Sarie. Kom, ou swaer, hoe lyk dit met 'n dop na die trippie? Julle Bolanders is mos nie bang vir drink nie, of wat praat ek alles?

SARIE: Haai, ou man, wat moet meneer - wat moet Marius van jou dink? Meneer, jy moet jou maar niks aan sy dinge steur nie. Wag, Malie en ek stap gou oor huis toe dan kan sy haar 'n bietjie regmaak.

CALEDONNER: Nie te lank neus poeier nie, hoor, ons is lus vir skoffel!

KOOT: (roep Malie agterna) Hierts, ou Malie, lyk my jy't iets aan jou hoek! (Vertroulik teen die Caledonner) 'n Gawe stuk, hoor, maar tyd dat sy getroud kom. Lê jy aan by haar?

CALEDONNER: (byna verontwaardig) Nee, nee, sommer 'n nooi vir die aand. Ek hou van hulle 'n bietjie jonger - twee-tand, of hoe sê julle hier --

KOOT: (lag pligshalwe) Ja, goed gesê, maar as dit by trou kom, sê ek nog: kies een van jou eie jare. Maar wag, laat ek van die manne nader roep. Wat sal almal dan nou hier buite op die werf rond staan. Piet, Faan - kom nader kêrels. (PIET LABUSCHAGNE EN FAAN COETZEE KOM IN, GLASIES IN DIE HAND) Kêrels, l'ak julle interesseer by Marius Tredoux, die nuwe man in die bank. Marius, dis nou my neef Piet Lawwerskaiing en dis Faan Coetzee, die man wat onse bulle teel.

CALEDONNER: Aangenaam, aangenaam.

KOOT: Piet, gooi dan vir die Bolander 'n dop. Nee a, nie so suinig nie, daar's mos baie waar dié vandaan kom. (GELAG)

FAAN: Dis die gees, ou Koot!

PIET: Hierso, ou swaerie! As hý jou nie skop nie --

CALEDONNER: Gesondheid boere! Dankie, Piet.

FAAN: (plaerig) En hoe lyk dit, gaan jy vir ons boere groot geld leen, mnr. Tredoux?

CALEDONNER: Nee, maar alte seker, sê net hoeveel!

PIET: Kom meneer van die Boland af?

CALEDONNER: Van Caledon af. 'n Caledonner.

PIET: (nie meer alte nugter nie) Hu? 'n Ka-le-donner. Hoor hier kêrels, dis vir jou snaaks. 'n Kaledonner.

(LUIDRUGTIGE GELAG)

FAAN: Kom ons staan bietjie buite toe, kêrels. Dis darem koeler daar as hier in die skuur. (MANS UIT)

(DIE TWEE SKOOLMEISIES HET INTUSSEN INGEKOM MET GRAMMOFOON EN PLATE)

EERSTE MEISIE: Hy's cute, sê ek vir jou. Net jammer sy hare is so yl.

TWEEDE MEISIE: Maar nog so skraal soos 'n windhond, hoor! Het jy hom al by die tennis gesien?

EERSTE MEISIE: Moenie praat nie! Wie's saam met hom hier?

TWEEDE MEISIE: Glo dit as jy wil - ou Malie. Ek het haar nou-nou in die huis gesien. 'n Mens is darem bly vir haar part. Maar as jy my vra, was sy darem nie sy eerste keuse nie --

EERSTE MEISIE: Sies, jy's katterig!

TWEEDE MEISIE: Ag, toe, wie praat kastag. Almal weet hy draai om Suzie van hy hier gekom het.

EERSTE MEISIE: Jammer die paartie was nie vroeër nie. Nou's ou Jimmy terug.

TWEEDE MEISIE: Dink jy hy sal vir ou Jimmy lig?

EERSTE MEISIE: Weet nie. Suzie en Jimmy is al lank gekys.

TWEEDE MEISIE: Maar hy's darem wragtie cute jong. Hy's so anders as die outjies hier by ons. As hulle nie drink nie, is hulle buite, en ons moet op die sakke sit en duime rol. Dis mos nie 'n paartie nie!

EERSTE MEISIE: As hulle ons nie nóú kom vra nie, dans ons met mekaar! (CALEDONNER IN EN NA MEISIES TOE)

CALEDONNER: Hoe lyk dit, is hier niks ander plate nie?

TWEEDE MEISIE: Nee, Meneer, maar Suzie het gesê sy sal plate bring. Ek wonder net wanneer sy en Jimmy kom --

CALEDONNER: O. Sê my, wie's die Jimmy-vent?

TWEEDE MEISIE: Hy's op landbouskool, Meneer.

CALEDONNER: Ag, meisie los die meneer. Sê sommer Marius.

TWEEDE MEISIE: Haai, jene Meneer!

CALEDONNER: Toe nou, ek is nie soveel ouer as jy nie.

(SUZY EN JIMMY IN)

CALEDONNER: Naandsê, naandsê! Lekker om mense te sien wat jy ken.

SUZY: Hallo. O, laat ek julle voorstel. Jimmy, dit is nou -

JIMMY: Die Caledonner? Toe maar, ek weet al van jou! Ek hoor jy't amper my girl geskaai.

CALEDONNER: Sonder dat ek dit geweet het, ou maat.

JIMMY: Toe, ou Soes, sit op ons plaat.
(SUZY EN JIMMY DANS DIE RINKHALS) (MALIE IN)

CALEDONNER: Ek moet sê, Malie, jy was wragtie nie haastig om terug te kom nie. Intussen verveel ek my dood.

MALIE: Ek is jammer, Marius.

CALEDONNER: Toemaar, dis niks. Kom ons dans.

MALIE: Jong, ek kan nie twist nie. Ek voel op ons jare --

CALEDONNER: Magtig, mens, jy laat ons na fossiele klink. Wel, hy mag ryk wees, maar die twist kan hy nie dans nie. Suzie kán. Kyk hoe doen sy dit hoor, die terugsak, die vou. Boeta, hulle sal haar dit nie op 'n Kaapse baan kan nadoen nie! Ag, kom jong, ons kan nie langer hier staan nie -

MALIE: Asseblief, Marius, eers die volgende plaat. Ek gaan 'n gek van my maak.

CALEDONNER: O.K. dan.
(SKOOLMEISIE STAMP PER ONGELUK NAALD VAN PLAAT AF)

CALEDONNER: Weer dieselfde plaat, meisietjie. Kom, Malie.

MALIE: Marius, ek gaan jou in die skande steek. Ek is skaam vir die mense --

CALEDONNER: Newwemaaind - ek hou van 'n publiek! Kyk, vat hom hier uit die bolyf uit, en dan wikkel jy so, en dan agtertoe, en na die kante toe.
(INTUSSEN HET KOOT, PIET EN FAAN MET GLASIES IN DIE HAND NADER GESTAAN; OOK ANDER MENSE KOM NADER)

FAAN: Hierts, my ou bul!

KOOT: Nee, maar skommel die ding, of wat praat ek alles?

VR OUESTEM: Staan opsy, ons wil ook sien!

MALIE: (hygend) Marius, die mense lag vir my!

CALEDONNER: Laat hulle lag - jy's jollie goed vir 'n beginner --
(HISTERIESE TIENERGEGIGGEL; KOOT, PIET EN FAAN MOEDIG DIE DANSERS AAN MET: „Kop hou!" „Ditsem!" „Ryperd!")

PIET: Dis hy, ou Malie, wys vir die jong klomp hoe die ding gedoen moet word.

EERSTE MEISIE: Ekskuus mý!

MALIE: Ek -- ek kan nie meer nie, Marius. Die kinders lag vir my.

CALEDONNER / .....

CALEDONNER: (lag skel) So, dis genoeg!

(HY STAP MET SY ARM OM MALIE SE LYF NA EENKANT)

MALIE: (daar is trane in haar oë) Dit lyk my ek kry hooikoors. Ek sal 'n pilletjie moet drink. O, my handsak is in die huis. (MALIE UIT)

EERSTE MEISIE: Ek sê, kry vir mnr. Tredoux 'n koesister.

CALEDONNER: Eintlik mag ek nie, maar as so 'n mooi nooi so mooi kom vra --

EERSTE MEISIE: (giggelend) Haai, jene, Meneer --

CALEDONNER: En wat is die mooi nooi se naam, altemit?

EERSTE MEISIE: Annette, Meneer. Kry vir Meneer nog 'n koesister, Meneer.

CALEDONNER: Annette, Annette, jy wil my in die versoeking lei. Nee, liewers nie. (HY STAP NA SUZY, WAT EENKANT ALLEEN STAAN)

CALEDONNER: O, hier kruip jy weg, Suzy!

SUZY: (bitsig) Vir wie sal ek so danig wegkruip?

CALEDONNER: Skuldgevoel, ou girlie. Jy't my tot op die laaste toe aan 'n lyntjie gehou. Van my 'n handperd gemaak.

SUZIE: Kyk, as jy weer met daardie ou storie gaan begin!

SARIE: Haai, ek wil julle nie in die rede val nie, maar het julle almal iets gehad? Marius, daar's 'n lekker souttert, hoe lyk dit?

CALEDONNER: O, Mevrou - Sarie - ek durf nie meer nie, al wil ek hoe graag. Ek moet jou gelukwens met die eetgoed en al die reëlings. Dis uit die boonste rakke.

SARIE: Ag, Marius, 'n mens probeer maar net jou bes. Jy weet, Suzie, ek sê altyd, solank almal dit maar net geniet. Dís die groot ding, dat almal dit geniet.

KOOT: Wat konsistorie julle hier bymekaar?

SARIE: Nee, Koot, Marius sê hoe lekker my eetgoed is --

KOOT: Oppas vir die alleenloperkêrels, Ma! (VIR JIMMY, WAT MET 'N KOPPIE KOFFIE IN DIE DEUR VERSKYN HET) Haai, ou Jimmy man, drink jy tog nie koffie nie? Jy stel my teleur, ou bees. Kom saam - ons gaan gooi 'n dop.

(JIMMY EN KOOT AF)

SARIE: Haai, en nou moet julle my eers verskoon. Ek wil daar ander kant gaan kyk of tant Hester-hulle al iets gekry het -- (POUSE)

CALEDONNER: O.K., Suzy, ek vergewe jou - maar dan moet jy 'n slag met my twist.

SUZY: Ek kannie belowe dat ek so goed soos Malie sal wees nie.

CALEDONNER: Kom ons gaan wys dié wêreld 'n ding --

([redacted] VAT FERM AAN HAAR ARM; SY STOOT SY HAND WEG)

SUZY / .....

SUZY: Toe, toe, laat ons nie vatterig word nie!

([illegible]edonner en Suzy dans die rinkhals. Die keer is dit 'n virtuoso vertoning. Weereens 'n kring om die dansers.)

UITROEPE: Sy bene vou soos 'n konsertina!
Hêt, jou lekkerding!

(MALIE staan na JIMMY se kant toe. Sy trek hom opsy en fluister iets vir hom. Hy glimlag en knik instemmend)

KOOT: Wat sien ek? Tog nie oom Daantjie van die Agterberg met konsertina en al nie! Magtag, mense, nou kan ons mos musiek kry wat almal kan dans!

(ALGEMENE GEGROET EN VERWELKOMING. Die mans beweeg na buite om vir oom Daantjie en die Vosloo-broers met hul konsertinas te verwelkom.) (SUZY neem JIMMY se hand. Hulle gaan uit.)

KONSERTINAMUSIEK BEGIN.

(Gedurende die volgende gesprek kom uitroepe van buite af:

Rooidag toe, boere!
Eina, my ding!
Knyp hom, Stefaans! )

CALEDONNER: Oh, no. Ek sê vir jou, Malie, nou loop ek.

MALIE: Sies, jy's darem baie selfsugtig. Die ouer mense wil darem hulle soort musiek ook hê. Dis mos 'n paartie vir almal, nie net vir die tieners nie.

CALEDONNER: Jou grappie is nie juis in goeie smaak nie.

MALIE: Jammer, ek moes dit nie gesê het nie.

CALEDONNER: Toemaar. Ek moet sê, jy't dit vreeslik geniet, solank ek dit kon verduur het.

MALIE: Wie's nou snaaks.

CALEDONNER: Jammer, jammer, jammer!

MALIE: Asseblief, Marius, jy praat te hard. Die mense kan ons hoor.

CALEDONNER: Maar laat hulle hoor!

MALIE: As jy wil huis toe gaan --

CALEDONNER: Ek dink so. Maar sal dit nie sleg lyk nie?

MALIE: Natuurlik sal dit sleg lyk.

CALEDONNER: (gelate): Dan wag ons nog 'n rukkie.

(JIMMY IN. HY IS EFFENS AGGRESSIEF VAN DIE DRANK)

JIMMY: O, hier staan jy, ou swaerie. Wag, ek gooi vir die Ka-le-donner 'n lekker dop.

CALEDONNER: So, so, nie so kwaai nie. 'n Mens moet dink aan die volgende dag.

JIMMY: Is dit jóú leuse, ou vriend? Lyk nie so vir my nie. Liewers só: Pluk die dag. Pluk hom kaal. So kaal soos 'n hoender, sal ons maar sê --

CALEDONNER: Gesondheid, Jimmy.

JIMMY: Wie s'n nou?

CALEDONNER: O, myne en joune, Jimmy.

JIMMY: Maar veral Suzy s'n, né?

(STILTE. OP DIE AGTERGROND SING 'N MANSTEM:

Rys en vleis en roebappaai!
De Wet skiet die Kakies dat die stof so draai.

CALEDONNER: Snaakse liedjie.

JIMMY: Alles hierso is vir jou snaaks. Dís hoekom ek nie van jou hou nie. Alles is vir jou snaaks. Maar laat ek jou vertel, jy is ook vir óns snaaks. Met jou snaakse maniertjies. Jou snaakse gepraat.

MALIE: Jimmy ---

(KOOT KOM IN)

KOOT: Wat's dit nou, Jimmy? Wat staan jy hier soos 'n springhaas wat vir weerlig geskrik het?

JIMMY: Oom Koot, dis goed dat oom Koot by is. Ek het dié kêrel, die Caledonner, aanstoot gegee. Nou wil ek op ons wêreld se manier wys dat daar g'n kwade gevoelens meer is nie.

CALEDONNER: Ek verseker jou, Jimmy, wat my betref --

KOOT: Wil jy lat julle vingertrek, Jimmy?

JIMMY: Dis net hy, oom Koot!

KOOT: Wel, Marius, daar's g'n kwaad in nie. Dit kan die paartie nuwe lewe gee.

CALEDONNER: Ag, nee, Koot jong, asseblief. Ek het dié soort ding in my jeug laas gedoen. Jy vergeet die slag.

JIMMY: Nooit, ou vriend - dis daar, in jou vingerpunte, die oomblik dat jy begin trek.

CALEDONNER: Ag, liewers nie nou nie, ou maat; my keel is ook so droog --

KOOT: (skree na buite) Piet, kom skink vir ons vriend hier een van die bestes. Gooi hom skilpadrug! Die kêrels gaan bietjie vingertrek! Nee, Gertie, vat weg die sop - ons gaan iets sterkers drink!

CALEDONNER: Ek sê julle, ek is nie lus vir die ding nie. Ek gaan 'n gek van my maak.

KOOT: (aankondigerstem) Nader staan, mense, ons gaan sports sien!

CALEDONNER: Malie, sal jy my baadjie hou?

VROUESTEM: Haai, hulle klere!

PIET: Hier's jou dop, Marius; en, Jimmy, hier's dieselfde gif vir jou.

KOOT: (opgewonde) Klink die glase, kêrels, so hoort dit.

(Hulle klink die glase en slaan die drankies weg)

KOOT: Ek sal tel. Beste uit drie wen. Toe, het julle julle sit gekry?

'N VROU (giggelend): Dit lyk soos henne wat nes skrop.

KOOT (streng): Stilte, asseblief, mense. Goed, dan begin ons: Een - twee - drie!

(VINGERTREK-TONEEL. Gedempte opmerkings:

Kyk hoe swel die kêrel se are!

Magtig, maar die bulle hou mekaar!

FAAN: Hy lig hom, hy lig hom!

MALIE: Vasskop, Marius, hóú!

KOOT: Eerste ronde - Jimmy s'n! CALEDONNER: Dit wou toe nie werk nie.

OMSTANDERS: (Deurmekaar) Laaste kans, Caledonner!

Wys hom nou, ou Marius wat!

Ek sê, ou Jimmy, ons mense eet nie verniet krummelpap en skaapvleis nie!

KOOT: (streng) Stilte, mense. Goed, ek tel: Een - twee - drie.

(Jimmy trek die Caledonner met soveel geweld na hom oor dat al twee in die stof proes.)

KOOT: Geluk, ou Jimmy: jy wen. Mooi gespook, Marius.

CALEDONNER: Geluk ou maat; beste man wen.

KOOT: Inval, boere, dis die laaste dans.

VERTELLER:

Op pad huis toe praat die Caledonner nie 'n woord nie. Malie voel jammer vir hom, en tog is sy nie vir een oomblik spyt oor haar strategie nie. Vroeër of later moet jy jou versoen met die onvermydelike: jou ouderdom.

By haar voordeur sê sy: „Kom binne, dan maak ek gou vir ons koffie." Gedweë stap hy vóór haar die huis binne. Hy is skielik krom; 'n effense bles man wat in sy werk bly steek het. En veertig jaar oud. Hy weet dat sy vonnis geteken is.

-------------